*Maandag* **24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 22:1-6 (AFR20)**
**Fokusgedeelte: Psalm 22:4**
**Die Heilige is naby, al voel ek verlate**

Wanneer ek deur diep beproewing gaan en uitroep: "Waarom het U my verlaat?" dan onthou ek steeds dat Hy my God is. Hom kom die lof toe, want Hy is die Heilige wat ter wille van Christus ons nooit sal verlaat nie!
Ek kan verseker wees dat my God, die Heilige, naby is in my nood. Ons kan "die lofliedere van Israel" saam met alle gelowiges sing. Lofsange versterk ons geloof en verdryf die bangheid van verlate wees. Die heerskappy van ons Koning en Verlosser staan vas en seker. Hy was nog altyd bereid om te help in nood (Ps. 46).

Die belewenis van godverlatenheid is die ergste wat enige gelowige kan ervaar. In die verskriklikste nood roep 'n mens soms uit: "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Miskien was jy, of dalk jou wederhelf of kind, gekaap in jou motor, verkrag, wagtend op 'n gevaarlike operasie. Sovele Christene staar daagliks vervolging in die gesig.

Hierdie harde uitskreeu (AFR20) vertolk egter ook die misterie van die geloof – verlate, maar ek weet dat Hy "MY GOD" is! Seker van God se nabyheid, al beleef ek die angs: "Waarom is U ver daarvan om my te verlos?" Twee kere word herhaal: My God! En weer: My God! Uit daardie sekerheid kom die dankbare belydenis: *"U is tog die Heilige, U heers waar die lofliedere van Israel opklink"* (Ps. 22:4).

Die Heilige was nog altyd genadig teenoor sy volk, maar hy voel soos 'n wurm met wie almal spot. Profetiese woorde, wat in die Messias vervul is. Verag, gespot, verwerp. Die Here Jesus het aan die kruis hard uitgeroep: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* (Matt. 27:46). Werklik verlaat om die verskriklike straf vir sondaars te dra. Helse pyn en smart. Finaal. Volkome. Daarom sal die verloste volk nooit verlaat word nie.

*Sing: Psalm 22-2:1*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*